
## 272 Lei ons, Hemelvader, lei ons




Heiland, spreek vergifnis oor ons,
swak en vol van angs en vrees,
hier op aarde was U vir ons
tot die dood bedroef gewees,
wat gely het en gestry het
teen die Bose in die Gees.

Gees van God, vul al ons harte
met die vreugde van die Heer;
maak ons vry van sondesmarte,
daal in volheid op ons neer.
Hoor ons bede, laat u vrede
in ons binneste regeer.

James Edmeston (1792-1867) F. Flitz (1804-1876)